
# Sprinkaanswerms en Genade

## Oordenkings oor Joël

Louis Nel



# Sprinkaanswerms en Genade

## Gedagtes oor die Profeet Joël

Louis Nel

Junie 2024

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


1 **Natuurrampe - Inleiding**

2 **Sprinkane - Joël 1:1-5**

3 **Die Tempeldiens is Ontwrig - Joël 1:6-14**

4 **Droogte - Joël 1:15-20**

5 **Die Dag van die Here - Joël 2:1-11**

6 **Genade - Joël 2:12-17**

7 **God het Medelye - Joël 2:18-27**

8 **Toekomsvisie - Joël 2:28-32**

9 **Die Vreeslike Dag van die Here - 3:1-17**

10 **Fontein van Lewende Water - Joël 3:18-21**

# 1

# Natuurrampe

# Joël Inleiding

**VIDEO | OUDIO**

Wanneer ons terugkyk oor die afgelope klompie jare, dan staan jy verstom oor hoeveel natuurrampe die wêreld getref het. Die eerste grote was seker tsunami wat die eiland Phuket getref het en waar duisende mense dood is. Dit laat ‘n mens met baie meer vrae as antwoorde. Toe gebeur die tsunami wat Japan ‘n paar jaar later tref en vul jou met afgryse. Dit sit nog vars in jou geheue. Dan is daar die super-siklone wat Amerika tref en totale verwoesting saai. Vulkaniese uitbarstings in Ysland lê die hele Europa lam. Maar ook Suid-Afrika spring nie die rampe vry nie. Versengende droogtes wat 'n groot stad soos Kaapstad lamlê, verwoestende vloede wat die Durban omgewing tref - alles in die oortreffende trap. Nét verlede week is 'n paar dorpe skaars 'n hanetreetjie van waar ek woon totaal

verwoes deur 'n orkaan! En natuurlik kan ons nie die nagmerrie van Covid-19 weglaat nie, 'n natuurramp wat die hele wêreld lamgelê het!

En dan vra ons die vraag: Hoe is God hierby betrokke? Watter verband is daar tussen God en hierdie rampe? Is dit God se manier om die mensdom te straf vir al die Goddeloosheid wat op die aarde aangaan? Steur God Hom hoegenaamd aan al die onreg wat plaasvind, die verskriklike ellendes wat mense mekaar aandoen? Is God dalk ongevoelig as Hy mense op hierdie manier straf? Waar is Sy genade dan? Sal dit óóit met ons beter gaan?

Sjoe! Sulke soort vrae laat my darem verskriklik swartgallig klink! Maar dit is dikwels die vrae wat mense, dikwels selfs gelowiges vra. En dit is juis oor hierdie soort vrae wat Joël met sy lesers wil gesels.

Hierdie boek wil gelowiges gerusstel en dit baie duidelik maak dat God baie beslis nie ongevoelig staan teenoor die dinge wat met ons gebeur nie. Joël wil dit ook beklemtoon

dat rampe nie God se straf is oor ons dade nie. Hy wil wél vir ons sê dat God verantwoording eis van ons vir die dinge wat ons verkeerd doen en dit sluit óók die gelowiges in! As ek ‘n bank gaan beroof dan gaan ek tronk toe, of ek ‘n gelowige is of nie. En al het ek berou gaan ek steeds verantwoording moet doen vir my daad. Gelowiges verkeer dikwels onder die wanindruk dat, omdat God ons vergewe het is ons outomaties ook gevrywaar van die gevolge van ons misstap. Dit is nie waar nie. Wat wél waar is, is dat God ons die genade gee om daardie gevolge te kan verwerk.

Wat wil Joël dan hiermee vir ons sê? Hy wil ons oproep tot bekering! Ons moet die ou lewe agterlaat en die rug daarop draai en nuut begin lewe. Maar Joël wil ons terselfdertyd ook die versekering kom gee dat God nooit diegene wat getrou aan Hom is, in die steek sal laat nie. Ten spyte van die ramp wat ons tref, moet ons weet dat die Here ons beslis nie vergeet het nie. Hy wil ons toerus om as gelowiges voluit te kan leef en Hy wil betrokke wees by ons. Maar die

grootste troos wat die boek ons gee is dat God vergewe sodat ek en jy ‘n splinternuwe lewe kan leef!

Die boek Joël het die slim manne regtig hard laat kopkrap want nêrens is daar ‘n verwysing oor wanneer die boek ontstaan het nie. Die meeste Skrifkenners stem egter saam dat dit ná die ballingskap, dus ongeveer 500vC of selfs heelwat later eers gefinaliseer is. Die eerste mense wat dus hierdie boek gelees het was die gelowige Jode van Jerusalem in die tydperk tussen 450 en 350vC. Dit was ‘n bitter moeilike tydperk vir hierdie mense wat so pas as ballinge teruggekeer het uit Babilonië na hulle land van herkoms, Juda. Dit is dalk wonderlik om uiteindelik na jou vaderland te kon terugkeer, maar hulle het omstandighede daar aangetref wat skrikwekkend was. Skielik was dit nie meer net Jode wat die land bewoon het nie, maar nou moes hulle die land deel met ‘n magdom vyandige volke. Om sake te vererger het hulle ou aardsvyande, die Edomiete en die Egiptenare hulle nie rus vir hulle siel gegee

nie. Dit was maar ‘n droewige prentjie. En dit was vir hierdie mense, gebuk onder ‘n swaar las, wat Joël skryf. Sy taak is om hulle weer moed te gee om aan te gaan met die lewe.

Ons mag egter nooit vergeet nie, dat die Bybelboeke wel geskryf is deur mense vir bepaalde lesers van hulle tyd maar dat die inspirasie van die Heilige Gees dit tydloos maak. En so is dit ook die geval met Joël. Vandag is die konteks dalk baie anders maar steeds gesels Joël vandag met my en jou presies net soos met sy eerste lesers, meer as tweeduisend jaar gelede. Eintlik is dit die Heilige Gees wat met ons gesels deur die vergeelde bladsye van die boek Joël. Sy boodskap is steeds een van God se groot genade. Hy wil so graag hê dat ons wegbreek van die sonde en dat ons ‘n volle lewe van dankbaarheid sal lewe!

Hoe kan ons seker wees dat dit wél die Heilige Gees is wat met ons praat deur die boek? Die antwoord kry ons in die héél eerste versie van Joël: “*Dit is die woord van die Here aan Joël, seun van Petuel.*”

Wanneer ons hierdie woorde lees, dan kan ons nie anders nie as om ag te slaan op wat hierdie onbekende profeet skryf, want dit is nie sy eie woorde nie maar “die Woord van die Here.”

Gebed:

Here, dankie vir U groot, groot genade oor my. Ek moet vanoggend bely dat ek nie lewe soos U dit van my verwag nie. Help my asseblief om terug te draai na U toe!

# 2

# Sprinkane

## Joël 1:1-5

**VIDEO | OUDIO**

Ek sien sommer die moedeloosheid op Ouma se gesig wanneer sy vertel van daardie groot verskrikking: “Pikswart wolke,” sug sy dramaties, “pikswart, sodat dit eintlik donker word - so het hulle oorgevlieg gekom in hulle miljoene!” Dit was angswekkende jare daardie vir baie van die boere in Suid-Afrika en Ouma het dit eerstehands beleef. “Dit het amper soos donderweer geklink as die sprinkaanswerms oor ons vlieg. Wanneer hulle kom het ons almal gehardloop vir die landerye om te probeer om hulle daar weg te hou, want waar hierdie sprinkane gaan sit het, het hulle alles tot in die grond afgevreet sodat daar niks, maar niks oorgebly het nie!”

Ouma gee weer so ‘n lang, droewige, moedelose sug asof sy dit alles nou weer hier beleef. “Ons het probeer om hulle te verdryf met enige ding wat kan geraas maak,

selfs goed aan die brand gesteek om hulle uit te rook maar dit was hopeloos. Ons lande was kaalgestroop sonder dat daar ‘n stoppeltjie oorgebly het! Ons groentetuintjie en selfs die vrugtebome was net eenvoudig opgevreet en ons het alles verloor.….”

“Ag my kind,” sug Ouma weer swaar, “en as dit nie die sprinkane is nie, is dit die kommandowurms!”

Joël begin sy boek deur dit duidelik te stel dat hierdie nie sommer net ‘n traktaatjie is nie maar dat dit die Woord van die Here is wat tot hom, Joël, seun van Petuel gekom het. Wie Joël was en waar hy vandaan kom, is onbekend en ons weet nog minder oor sy pa, Petuel. Dit maak egter nie saak nie want die eintlike Outeur van hierdie geskrif is nie Joël nie maar God Sélf! Inderdaad is dit Hý wat nie alleen met die Jode van 300vC deur hierdie boek praat nie maar ook met óns vandag.

Joël val dan ook sommer met die deur in die huis en vertel sy lesers van ‘n verskriklike ramp wat hulle gaan tref. Nie net één nie,

maar sommer ‘n hele reeks plae gaan die land in ‘n puinhoop verander. Soos Ouma se storie van so ‘n afgryslike sprinkaanplaag laat jou hare regop staan! Op ‘n dag verskyn hulle skielik net in die woestyn, asof dit die sand is wat lewendig word. Die klein sprinkaantjies kruip onder die sand uit in hulle miljoene en binne ’n baie kort tydjie verander hulle in verterende monsters wat net aanhou vreet en vreet. Hulle verorber alles wat in hulle pad kom - landerye, boorde, koring, wingerde en selfs die kosbare olyfbome. Joël profeteer dat dit gaan begin met ruspes (kommandowurms?) wat alles opvreet en wanneer hulle verby is, kom die treksprinkane en vreet op wat oorgebly het. En nes almal dink dat dit uiteindelik verby is, dan is die volgende pes alweer daar, voetgangersprinkane en daardie krioelende massa rol aan oor alles soos ‘n vloedgolf. Maar steeds is dit nie die einde nie want op hulle hakke kom die kaalvretersprinkane en vreet selfs die stoppels wat nog oorgebly het óók op!

Joël begin sy skrikwekkende aankondiging

met drie opdragte: Luister, gee aandag en vertel (v. 2 en 3). Dit beklemtoon die erns van die saak want hierdie is nie sommer net ‘n storie nie, hulle moet luister na wat die profeet sê! Hulle moet aandag gee aan sy pleidooie en dan mag hulle dit nie vir hulleself hou nie maar hulle moet gaan vertel wat hulle gehoor het en almal oortuig. Hulle moet dus iets omtrent die saak doen en dit nie maar net daar laat nie!

Die eerste groep mense wat onder Joël se vlymskerp tong deurloop, is die dronkaards. Drankmisbruik, so wil dit voorkom was op daardie tydstip ‘n ernstige probleem. Joël noem hulle kaalkop by die naam: “drinkebroers!” En dan gaan dit oor iemand wat hom vergryp aan drank. Vandag is dit steeds ‘n enorme probleem! Aan die een kant het ons die brandarm mense wat hulle sorge probeer versuip met goedkoop drank en dwelms. Daar is egter ook doodgewone mense wat hulleself vergryp aan drank en dikwels varke van hulleself maak. So dikwels hoor jy selfs bekende persone wat spog daarmee dat hulle te veel gedrink het. Ek

dink nie dat Joël bedoel dat ‘n gelowige nie sy lippe aan drank mag sit nie. Daar is niks verkeerd met ‘n glasie wyn of ‘n drankie indien dit matig gebruik word nie.

Die afgryslike slagting op ons land se paaie Paasnaweke en Desembervakansies is ‘n riller en dan sê die verkeersowerhede dat ‘n reuse persentasie van die sterftes veroorsaak word deur drank. Iemand wat onder die invloed van alkohol ‘n motor bestuur is ‘n potensiële moordenaar!

‘n Ander reuse probleem is die onskuldige kindertjies wat gebuk gaan onder fetale alkoholsindroom wanneer hulle ma alkohol misbruik het tydens die swangerskap. Daardie ma is skuldig aan die verstandelike verminking van haar kind. Dit is tragies dat dit die onskuldige kind is wat daaronder ly.

Joël waarsku diegene wat hulle vergryp aan drank, dat hulle maar by voorbaat kan huil en kerm en kla want ná die sprinkane se verwoesting sal daar selfs nie meer druiwe wees om wyn te maak nie!

Joël pleit vandag by elkeen van ons om met aandag te luister na sy pleidooi. Ons moet wegbreek van die verkeerde dinge waarmee ons besig is. Dalk is die verkeerde dinge juis dat ons lou geword het en God nie meer dien soos wat ons moet nie.

Gebed:

Here, maak my oë en ore oop vir U stem, en help my om daadwerklik iets te doen omtrent die saak wat U my op die hart lê!

# 3

# Die Tempeldiens is Ontwrig

# Joël 1:6-14

**VIDEO | OUDIO**

Die profeet Joël voorspel, in opdrag van die Here, die verwoestende sprinkaanplae wat die land sou tref.

In vers 6 en 7 kom die Here nou persoonlik aan die woord. Nou is dit nie meer slegs Joël wat ‘n boodskap oordra nie, maar die Here wat sélf praat. En dan beskryf Hy die vernietigende effek van hierdie sprinkaan-nagmerrie wat op pad is. Hy vergelyk dit met ‘n magtige volk wat in ontelbare getalle teen Sy volk gaan optrek en alles verwoes wat in hulle pad kom. Tegelykertyd vergelyk Hy dit met ‘n verwoede leeumannetjie wat Sy wingerd verwoes. Die leeu breek Sy vyebome flenters en laat dit kaalgestroop agter. Die druiweranke staan morsdood en spierwit gebleik.

Die wingerd en die vyebome is natuurlik simbool van God se volk. Dus gaan God se

volk totaal verwoes word deur hierdie verskriklike katastrofe wat hulle gaan tref.

Maar wat hier gaan gebeur, raak nie alleen die volk nie maar dit raak God ook persoonlik want dit is Sy volk wat hier gaan ly.

In vers 8 is die profeet weer aan die woord en hy vra die hele volk om iets te doen aan die saak. Hulle moet rou, soos ‘n verloofde meisie wat haar geliefde verloor het. Dit is ‘n groot tragedie wat die land tref en daarom moet hulle rou. Maar wat is die eintlike tragedie? Dat hulle oeste afgevreet is? Nee, die tragedie is baie dieper-liggend. Die gevolg van hierdie sprinkaanverwoesting is dat die tempeldiens ontwrig word en dit is die grootste tragedie. Daar is nie meer ‘n graan- of drankoffer in die huis van die Here nie. Dit is verskriklik! Diens aan die Here is gestaak!

Die priesters - die manne wat die diens aan die Here moet onderhou, moet treur want hulle staan hande afgekap omdat hulle géén diens kan lewer nie. Sonder wyn, graan of olyfolie is daar niks waarmee hulle die diens kan lewer nie.

Selfs die veld sal treur, omdat dit verwoes is - tot in die kaal grond afgevreet deur die sprinkane. Alles treur selfs die natuur - alles is in rou gedompel.

Tweedens sê Joël vir die saaiboere om verslae te staan. Het jy al die gesig gesien van ‘n boer pas nadat ‘n verwoestende haëlstorm sy ganse oes platgeslaan het sodat daar niks, maar niks oorbly nie? Dit is totale verslaenheid. Sulke verslaenheid vra Joël van die boere van Israel. Ook die vrugteboere word aangesê om te kla want daar sal géén vrugte wees nie. Vir hulle beteken dit die einde van die paadjie. Maar weereens is hulle verslaenheid nie oor hulle eie groot verlies nie - oor hulle koring en gars wat vernietig is nie maar oor die tempeldiens wat ontwrig gaan word. Omdat die landerye verskrompel is, gaan daar niks wees waarmee die offers in die tempel gebring kan word nie!

Derdens beveel Joël die priesters om rouklere aan te trek, te rou en te kerm. Ja, hulle moet selfs snags hulle rouklere dra. En

weereens, vir die derde maal, is die werklike rede vir hulle droefheid, omdat die tempeldiens ontwrig word. Daar moet ‘n vasdag uitgeroep word vir die hele volk en al die volksleiers en die inwoners van die land moet bymekaar kom by die huis van die Here en Hom daar aanroep.

Weereens is dit ‘n droewige prentjie wat Joël vir ons skilder. Maar dit het alles ‘n groot doel.

Wat wil die Here vir Sy volk sê met al hierdie dinge? Omdat alles toegespits word op die ontwrigting van die tempeldiens, wil die Here sê dat as die volk nie opreg bedoel wat hulle doen tydens hulle tempeldiens nie en as dit nie opreg uit die hart kom nie, dan is dit eintlik vir die Here ‘n gruwel! Hy sal dit nie duld nie!

Wat kan hulle omtrent hierdie saak doen? Is daar énigsins iets wat hulle kan doen?

Ja, inderdaad! Joël gee vir hulle opdragte om te keer dat die volk nog verder in skuld gedompel word: Hulle moet ‘n vasdag

uitroep, die gemeente bymekaar bring, na die huis van die Here optrek en tot die Here roep. Hy wil vir hulle sê, dat dit dalk nog nie te laat is nie - doen dit nou!

Vir ons wil die Here vandag dieselfde sê. Die skrif is aan die muur vir die wêreld - kyk maar net hoe gaan die natuur agteruit! Op baie vlakke in die lewe dreig rampe ons - op politieke, finansiële en gesondheids terreine.

Dit is egter dalk steeds nie te laat nie. Die Here vra van ons gelowiges om waarlik weer erns te maak van ons Godsdiens. Baie gelowiges het lou geword. Ja, hulle glo steeds, maar dit is waar dit eindig. Hulle het slegs passasiers geword op die trein na die ewige lewe. Die Here wil hê dat ons waarlik skouer aan die wiel moet sit as aktiewe, werkende burgers van Sy Koninkryk. Hy wil hê dat ons liefde moet uitleef op die wyse waarop Jesus vir ons die voorbeeld gegee het. En ons diens aan die Here moet nie maar net een wees van tradisies uitleef nie, maar dit moet eerlik, diep uit die hart kom. Doen dit nou!

Gebed:

Here, ek het die afgelope tyd lou geword in my diens aan U. Gee my asseblief die krag en ywer om U waarlik te dien met my hele hart!

# 4

# Droogte

# Joël 1:15-20

**VIDEO | OUDIO**

Dit was iewers in die vroeë 90's toe ons een Septembermaand besluit om te gaan vakansie hou in ons boshuisie in Marloth Park in die Laeveld. Donkeroggend is ons uit Ballito weg sodat ons teen half agt die oggend by die Swaziland grenspos kon wees. Skaars ry ons Swaziland binne, toe sien ek al dat dinge hier bedroef gaan. Die talle beeste en donkies wat ons langs die pad aantref se ribbebene beur prominent deur die vel - sommige lyk soos lewende geraamtes. Baie gou sien ons ook die rede - daar is nêrens 'n groenigheidjie te bespeur nie. Daar is nie eers enigiets wat kurkdroog is wat die arme goed kan vreet nie. Plek-plek is dit net die kaal rooi grond sonder enige plantbedekking.

Later ry ons deur 'n gebied waar die suikerlande gewoonlik weelderig staan. Selfs

hier wys die versengende droogte sy grynslag want die riet is vaal en verskrompel. Swaziland gaan gebuk onder ‘n droogte wat die arm land op sy knieë dwing. Ek geniet nie die rit nie - alles is neerdrukkend!

Wanneer ons die middag by Border Gate, die anderkantste grenspos kom, slaak ek eintlik ‘n sug van verligting. Maar dis so warm dat die kraaie gaap. Die laaste klompie kilometer na Marloth Park is nie juis minder neerdrukkend nie want ook hiér het die droogte sy tol geëis. Brandmaer beeste staan en kou aan plastieksakke in een van die verarmde dorpies waar vuil kindertjies in die stof speel.

Uiteindelik kom ons in die “paradys”, Marloth Park aan. My hart sak in my skoene want waar dit hierdie tyd van die jaar al lowergroen moet wees na die eerste lentereëns, is die wêreld kurkdroog uitgedor. ‘n Troppie brandmaer rooibokkies staar ons met dowwe oë aan sonder enige lus vir die lewe. Daar is niks meer oor om voor te lewe nie, want tussen die uitgedroogte sekelbosse pryk die

vuurwarm gebakte kaal rooi grond sonder ‘n sprietjie gras in sig. Ons ry verby ‘n karkas van ‘n rooibok wat gevrek het.

Ek voel siek.

Waar ons gewoonlik opgewonde is om af te pak en die natuur te geniet met ‘n biertjie in die hand, is dit hierdie keer vir ons ‘n swaar las om die motor moeisaam af te pak. Ek sug swaar, want die skroeiende Salatiwind beroof my van my asem. Daardie aand is selfs die knetterende ou hardekool vuurtjie nie eers ‘n groot troos nie. Die naguiltjie sing nie en die leeu brul nie. Dit is net die hiëna wat sy droewige klaaglied deur die grypende doringkloue van die sekelbosse laat weergalm.

Die volgende oggend begin sommer al klaar rooiwarm, kort nadat die vuuurrooi son se strale deur die kaal takke begin brand. Teen twaalfuur is dit onhoudbaar. “Iets moet gebeur.....” sê ons vir mekaar. My innige gebed gaan vir die arme diere wat so verskriklik ly. Nie ver van die huis af nie het iets gevrek - ek ruik die dood…..

En dan gebeur dit: Die vuurwarm wind gaan lê baie skielik en ‘n doodse stilte sak toe oor die bos. Daar is selfs nie ‘n enkele voëlgeluidjie nie. Dan verskyn ‘n enkele spierwit wolkie op die horison, “so groot soos ‘n man se vuis”. Binne minute groei dit aan tot ‘n swaar wolkbank. Die wind begin baie skielik opkom, maar dié slag uit die suid-ooste. En dan weet ek: vanmiddag kom die gróót reën! Ja, na vanmiddag gaan die bos weer lewe!

In Joël 1:16-20 beskryf die profeet feitlik woord-vir-woord die toneel wat ons hier bo beleef het. “Die dag van die Here is naby”, begin hy hierdie perikoop, “dit is ‘n dag van verwoesting, dit kom van die Almagtige af.” Hy wil die erns van God se komende oordeel oor Sy volk beklemtoon. Op daardie dag gaan God met mag ingryp in die bestaan van Sy volk wat Hom nie opreg wil dien nie.

‘n Verskriklike hongersnood gaan die volk tref sodat die blydskap en die gejuig van hulle kultus totaal gaan verdwyn.

Joël staan egter nie afsydig teenoor die

verskriklike oordeel wat die volk gaan tref nie en dan roep hy namens die volk tot God vir uitkoms. Hy preek dus nie maar net vir die volk nie, maar hy skaar hom saam met hulle en stel die voorbeeld om sélf te bid vir uitkoms.

Die vraag is of God na sy gebed en al die gebede wat van die volk opstyg gaan luister? Sal die Here hulle ooit genadig wees en vir hulle uitkoms gee?

As ek en jy tot die Here bid, dan voel dit ook dikwels asof die Here gladnie eers luister na ons gebed nie. Het die Here dan van ons vergeet? Sal Hy ooit uitkoms gee?

Uit eie ondervinding kan ek vandag sê dat ons nie moet moed verloor nie! Die Here luister met groot deernis na ons gebed. Ja, soms gaan Hy nie die uitkoms gee waarvoor ons vra nie, maar dan moet ons besef dat Hy ‘n baie groter doel het met die dinge wat ons tref en dat ons later wanneer ons terugkyk, dikwels God se groot raadsplan sien en wéét dat dit so móés gebeur!

Gebed:

Here, wanneer dit swaar gaan met my, vra ek dat U my rustig sal maak sodat U raadsplan tot uitvoer kan kom!

# 5

# Die Dag van die Here

# Joël 2:1-11

**VIDEO | OUDIO**

In die vorige dagstukkie het ek die verskriklike droogte in die Laeveld beskryf. Na die snikhete dag waar die verskroeiende wind my asem uit my gewurg het, kom die onheilspellende windstilte. Die Laeveld wag met opgehoue asem op dit wat nou kan volg.

Eers is dit 'n klein wit wolkie, maar dan begin dit groei totdat daar op die horison 'n kookpot is van malende wolke wat al hoe donkerder word. Die wind begin opsteek en maak verstikkende stofdwarrels. Daar is nie 'n dier of voël in sig nie, almal kruip weg. Binne 'n halfuur is die son gesluier agter die woedende wolke wat kook en draai en borrel. Weerligte begin in die verte die pikswart wolke deurklief asof hulle stukkend geskeur word.

'n Onheilspellende rammeling vul die atmosfeer. Skielik kom daar rukwinde wat in

vlae van alle kante die kaal bome se takke woes rondpluk. Een van die stoepstoele verloor sy greep op die aarde en waai tuimelend tot in die rosyntjiebos. ‘n Oorverdowende donderslag laat my ‘n lelike woord sê van skrik. ‘n Verstikkende duisternis sak oor ons toe en dit voel asof dit nag is!

Dan gebeur alles gelyk. Weerligstraal op weerligstraal klief deur die lug. Angswekkende donderslae omklem my hart met angs. Enkele groot reëndruppels spat in die poeierstof. Ons vlug die huis in om weg te kom van hierdie verwoestende storm. Stof sif neer op ons uit die grasdak, losgeruk deur die loeiende wind. Groot haelkorrels klap soos koeëls waar hulle op die kaal, klipperige grond val. Ek druk my ore toe om die verskriklike geraas uit te hou maar dit help niks, want ek voel die hartverskeurende donderslae deur my lyf - dwarsdeur my hele liggaam!

‘n Halfuur later is alles verby. Ons gaan uit om te kyk wat die skade is. Oral lê

stukkendgeslaande takkies. Droë takke is met geweld van bome losgeruk en stukkend gesmyt. Ons wasgoed wat aan die draad gehang het is in ‘n gemors - sommige hang verskeur iewers in die veld aan doringbome. Daar was nie nog tyd om aan die wasgoed te dink nie. Dit lyk of ‘n orkaan die bos getref het.

Maar ek wil huil van frustrasie want die paar druppels wat geval het, het die smagtende grond skaars stofnat gemaak. Wanneer sal daar ooit uitkoms wees?

Die profeet skryf in Joël 2:1,2 dat die wagte op die muurtorings op hulle ramshorings moet blaas want die gevaar is op hulle. Die dag van die Here is naby - ‘n stikdonker dag van verskrikking. Die profeet gebruik die beeld van ‘n leërmag om die koms van die sprinkaanswerms te beskryf - skrikwekkend, vreesaanjaend! Hulle gaan soos ‘n vuur alles voor hulle verteer. Dit sal klink soos die galop van duisende ryperde wat op kommando is. Dit sal dreun soos strydwaens tydens ‘n groot veldslag. Knetterend, dreunend - ‘n

groot rumoer - so beur hierdie onstuitbare mag van God vorentoe, oor die bergtoppe dreun dit voort. Hulle oorstroom die stad en sypel selfs deur die vensters die huise binne.

So skrikwekkend is hierdie inval dat die hele kosmos, die aarde, hemel, son, maan en sterre in angs daarvoor bewe. Die son en maan word donker en die sterre verloor hulle glans.

En dan kom die klimaks van hierdie gedeelte, waar Joël dit uitskree sodat sy stem weergalm deur die klowe van die land: Dit is die Here wat voor hierdie leërmag uittrek. Hy is persoonlik die Bevelvoerder. Hierdie ontsaglike groot leër van Hom doen presies net wat Hy hulle beveel. Hulle is onstuitbaar sterk!

Die perikoop word afgesluit met Joël se vraag: “Voorwaar, die dag van die Here is groot, uitermate verskriklik – wie kan dit verduur?” (v. 11)

Vandag, as ons hierdie angswekkende deel lees, moet ons besef dat ons volk net so ver

van God afgedwaal het as Israel van ouds. Dit is suiwer onverstaanbare genade dat God nog nie in toorn op ons volk losgebrand het nie. Maar dan weet ons dat Hy ‘n God van liefde en genade is, want as ons die volgende versie (v. 12) lees, dan sien ons Sy oneindige genade en dat Hy maar net vra dat ons weer na Hom sal terugkeer. Hieroor gaan ons DV in die volgende dagstukkie gesels.

Die groot ding is egter nou, dat ek as gelowige nie maar net moet vinger wys na al die “slegte” mense in ons land nie. Maar dat ek sal introspeksie doen en my eie lewe onder die vergrootglas plaas. Leef ek werklik soos wat die Here dit van my vra? Is my liefde nie dalk maar net ‘n ritueel nie?

Ons moet egter ook hierdie gedeelte in 'n Nuwe Testamentiese perspektief sien in God se verlossing deur Jesus Christus. In die Ou Testament is God se straf deur middel van oorlog en natuurrampe. In die Nuwe Testament ontvang Jesus God se straf en nou is Sy straf voltooi. Ons kan nie rampe en

teenspoed as ‘n straf van God beskou nie. Die Ou Testamentiese dag van die Here, is Nuwe Testamenties die wederkoms en finale oordeel. Vir gelowiges egter, finale bevestiging van ons vryspraak. Ons kan vandag slegs die Ou Testament lees deur die bril van wat God in Jesus Christus gedoen het.

Gebed:

Here, wys my asseblief waar my lewe tekort skiet en help my om dit reg te stel!

## 6

## Genade

## Joël 2:12-17

**VIDEO | OUDIO**

Die verwoestende storm het my Laeveld waarvoor ek so lief is, vermink. Eers die aaklige droogte wat elke grassie en blaartjie verdor het en toe alles weg is, kom die skrikwekkende storm. Ek het op die stoep gaan sit met my oë toe. My siel het gesmeek tot die Here. Ek het my hart oopgemaak vir God. En toe weet ek: my God is genadig - Hy sal weer uitkoms gee op Sy tyd!

Die volgende dag pak die wolke saam uit die ooste - swaar, swanger wolke, gevoed uit die magtige Indiese oseaan. En hulle kom stort hulle swaar vrag lafenis uit oor die Laeveld. Hulle deurdrenk die aarde met lewegewende, lawende, koel water. Die lustelose rooibokkies kry skielik lewe en hulle huppel en dans en bokspring en hardloop laf rond!

Ek voel hoe my gemoed saam met die rooibokkies bokspring, en ek skater dit uit

van die lag. My God is groot en liefdevol en genadig! Tussen die reënvlae deur hoor ek die tarentale luidrugtig kwetter. Die voëls kry weer lewe en sing uitbundig hulle lofliedere. Die lewe is ‘n lied! Die aarde ruik skoon en vars. Die stof spoel van die bome en struike af en skielik lyk dit of hulle weer nuwe lewe het. Alles jubel tot eer van God. Die veld is dankbaar!

Die groot reën is verby en nou knaag daar ‘n diep bekommernis in my hart - was dit nie dalk te laat nie? Sal daar ooit weer gras kan groei uit hierdie morsdooie aarde? Alles is weg - nie ‘n grasprietjie is in sig nie. Dag-na-dag hou ek die grond dop - hoop ek om weer ‘n groenigheidjie te sien. My hart pyn vir die arme diere. Maar hulle lyk positief en ek kan dit nie verstaan nie! En dan gaan daar vir my ‘n liggie op - hulle het hoop! Die belofte van ‘n nuwe lewe is vir hulle gegee en hulle vestig al hulle hoop daarop. En daarom kan hulle, in ‘n wêreld wat lyk asof daar nooit lewe uit sal kom nie, steeds ‘n huppel in die stap hê - steeds uitbundig wees. Hulle wéét hulle verlossing is ‘n werklikheid!

Skaars ‘n week na die reën, sit ons een oggend vroeg op die stoep met ‘n beker stomende koffie. Iets is anders, maar ek kan my vinger nie daarop lê nie. Dan merk ek dit: die rooi aarde het vanoggend ‘n groen skynsel! Ek sit my beker op die vloer neer en hardloop die veld in. Ek val op my knieë en voor my oë is die wonderlikste ding wat ek nog ooit gesien het - deur ragfyn krakies in die rooi grond beur derduisende brose groen blaarpuntjies. Trane van dankbaarheid stroom oor my wange.

Skaars twee dae later is die ganse Laeveld bedek met ‘n fluweelsagte grasgroen tapyt. God het Sy belofte gehou! Die rooibokkies se hoop was beslis nie verniet nie. Hy is genadig, bo beskrywing inderdaad!

Na Joël se beskrywing van die verskriklike verwoesting, begin hy vers 12 met die koel, lawende, lewegewende woorde: “*Maar selfs nou, keer terug na My met julle hele hart, vas en huil en rou!*” In vers 13 troos Joël: “*Draai om na die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, geduldig en oorvloedig in*

*troue liefde, Hy het berou oor die onheil wat Hy bring.*”

Is dit nie die wonderlikste woorde óóit vir enige sondaar nie? As ek in skuld voor die Here staan en Hy sê vir my dat Hy genadig en barmhartig en lankmoedig en vol liefde is en dat Hy my totaal vergewe?

In die vorige dagstukkie het Joël die wagters in die muurtorings opdrag gegee om op die ramshorings te blaas om die dreigende gevaar aan te kondig. Nou kry hulle weer die opdrag om op die ramshorings te blaas. Hierdie keer is dit egter anders, nou moet hulle blaas om die hele gemeente bymekaar te roep. Die hele volk moet optrek, selfs die kinders en die babas wat nog drink. Almal moet gereinig word vir die Here. Selfs diegene wat nie gesteur wil word nie, die bruidegom en bruid in hulle wittebroodskamer!

Die Ou Testament wil soms vir ons die indruk gee dat die Here ‘n God van straf is. Tóg sien ons hier, soos in baie ander dele van die Ou Testament, dat die teendeel waar is en dat

Hy ‘n God van genade en vergifnis is. As die volk bereid is om hulle na Hom te keer, dan is Hy bereid om die straf ter syde te stel. Daarom roep die profeet die volk op om boete te doen en te vas. Dit is prioriteit vir die héle volk en hulle moet alles nét so los en as een volk optrek!

Die Here is bereid om my en jou weer en weer en weer te vergewe en aan ons genade te betoon en ‘n oorvloed van liefde. Maar Hy vra van ons terselfdertyd om Hom onvoorwaardelik te volg en te dien. Hy vra van my en jou om Hom bo alles lief te hê met ons hele hart en siel en verstand. Dit is liefde wat nie maar net lippetaal is nie maar dit moet diep uit die hart kom. Dit beteken dat ons ‘n lewende verhouding met Jesus moet hê. ‘n Lewende verhouding beteken dat daar lewende kommunikasie sal wees en dat ons liefde oorgaan in dade. Praktiese liefde beteken dat ons ook God se skepping sal koester en dat ons ons medegelowiges en ons medemens - selfs ons vyande innig lief sal hê en daardie liefde prakties teenoor hulle sal uitleef.

Gebed:

Here, dankie vir U groot genade, ten spyte van my baie sondes. Here, vergewe my, en help my om U ten volle te dien en lief te hê!

# 7

# God het Medelye

# Joël 2:18-27

**VIDEO | OUDIO**

Drie maande na die eerste droogte gebreek is in die Laeveld, kom ons weer ‘n slag daar. Wanneer ons Marloth Park binnery, herken ek skaars die plek. Waar daar drie maande gelede net rooi grond was, staan die wuiwende gras nou lowergroen en ruig. Die maroelabome is swaar gelaai met vragte maroelas en onder hulle lê ‘n geel tapyt van ryp vrugte. Hulle soet geur sweef in die lug. Met ‘n lied in my hart ry ons die grondpad na ons boshuisie toe. Dis stomend warm maar die digte, lowergroen bos laat dit voel asof ons reg in die Paradys is!

Ons inrypad is só toegegroei dat ons skaars by die huis kan uitkom. Ons pak af so vinnig ons kan en gaan span behaaglik uit op die stoep en probeer al die mooi inneem. Alles is so anders as die vorige keer wat ons hier was. Ek vul my longe met die heerlike geure

van die bos. In my hart is daar ‘n lied van dankbaarheid, want die Here was ons weereens oorvloedig genadig. Hy het voorsien in oorvloed, baie meer as wat ons gevra het!

Teen die tyd dat die son agter die doringbome inkruip, knetter ons gesellige vuurtjie alreeds en versprei sy flikkerende gloed tussen die ruie bosse. Onder by die rivier sukkel die ou bobbejaan om sy oproerige familie te laat stilsit in die vyeboom wat tot brekens toe oorlaai is met sappige ryp vye. Weldra weerklink die brul van ‘n leeu deur die lawende naglug. ‘n Hiëna antwoord hom met ‘n melodieuse lied, gevolg deur ‘n seekoei wat skaterlag in die rivier van pure tevredenheid. ‘n Duikertjie kom kuier vir ons op die rand van die vuur se lig. God is genadig. Hy is groot. Hy is liefdevol!

Wanneer ons ons voor die Here verootmoedig en berou het oor ons sondes, dan antwoord Hy op ons boetedoening. Hy stuur weer voorspoed - so sê Joël. Vir Israel sê hy, daar sal weer koring en wyn wees -

oorgenoeg daarvan. Hulle sal nie meer ‘n bespotting onder die nasies wees nie en die Here sal hulle arrogante vyand uitdelg! (v.20)

Opgewonde sing Joël sy loflied waarin hy indirek vir die volk sê om nie bang te wees nie. Hy doen dit deur sy lofsang tot die natuur te rig wat lyk asof dit verwoes is. Die landerye moet juig van blydskap en die vee moet huppel van pure uitgelatenheid, want die Here maak die weiveld groen en sappig. Dit is alles ‘n groot wonderwerk! In my geestesoog sien ek die jong kallers laf bokspring en in sirkels hardloop en rondomtalie draai - almal is uitgelate oor die oorvloed wat God gee. Hy sing vir die vrugtebome - propvol staan die vyebome in drag, gelaai met heerlike stroopsoet, vet vye. En die wingerde, belaai met trosse en trosse verruklike druiwe, gereed vir die oes. ’n Mens kan skaars glo dat alles ’n rukkie gelede nog verteer was deur die verwoestende sprinkaanswerms. Dit kan slegs ‘n wonderwerk van God wees wat sulke dinge kan vermag! (v. 21,22)

Daarom praat Joël met die inwoners van die land: die mense van Sion moet jubel en juig tot eer van die Here. Hulle moet oorloop van blydskap, want die Here sal die sluise van die hemel oopmaak en 'n stortvloed van reën oor hulle laat uitsak as teken van Sy wonderlike geregtigheid. Op hulle dorsvloere gaan die koring opgehoop in oorvloed lê en hulle parskuipe gaan weer oorloop van heerlike wyn. Strome goudgeel olyfolie gaan die kruike by die olyfpers volmaak. Waar die sprinkaanswerms en ruspes vir hulle verwoesting gesaai het, gaan die Here nou in oorvloed vergoed! (v. 23-26).

Ek sien al die Iraeliete vrolik dans en sing met fluite en liere en tamboeryne. Hulle loof en prys die Here, want Hy is genadig en goed en Hy het al hulle ongeregtighede vergewe - hulle weerbarstigheid en selfs die feit dat hulle agter ander gode aangeloop het. Maar hulle het omgedraai en nou aanbid hulle die Here, die God wat alles geskep het - hulle aanbid Hom uit die hart en nie maar net met rituele nie.

Die prentjie lyk bitter donker vir ons mooi land Suid-Afrika. Stakings, opstande, korrupsie en beurtkrag dreig om ons ekonomie te vernietig. Klimaatsverandering veroorsaak vernietigende vloede en droogtes. Plaasmoorde, gesinsgeweld, bendegeweld ens. omklem ons harte met vrees!

Die Here wil hê dat ons Hom weer met volle oorgawe sal dien. Nie maar net rituele soos kerk toe gaan en tiendes gee nie, maar dat ons diens diep uit die hart sal kom. Dat wanneer ons saam optrek na die kerk, dat ons hart en siel sal deel wees van die erediens. Dat ons diens aan die Here die praktiese uitleef van liefde sal wees op alle terreine van die lewe.

Sal die Here nie dalk dan die wonderwerk laat gebeur en die dreigende gevare omskep in positiewe dinge nie? Sal Hy nie dalk werkstevredenheid en selfs blydskap in die werksituasie gee, waar daar nou ontevredenheid en stakings is nie? Sal Hy nie dalk die opstande omskep in mense wat

hulle energie gebruik in gemeenskapsdiens nie? Sal Hy nie dan dalk die natuur op ‘n wonderbaarlike manier herstel nie - Hy het dit immers geskep?

Gebed:

Here, ek bely vanoggend dat ons land ver weggedwaal het van U af. Ek pleit Here, dat U ‘n wonderwerk sal laat gebeur, sodat ons mense U weer met oorgawe sal dien!

# 8

# Toekomsvisie

# Joël 2:28-32

**VIDEO | OUDIO**

Die nag langs die knetterende vuurtjie in die bos is hemels mooi en die naggeluide soos ‘n engelekoor. Iewers by ‘n watertjie dreunsing ‘n paddakoor hulle minnelied vir die mooi meisie-paddas. ‘n Eensame skopsuiltjie koer-koer saggies sy hartsverlange uit en ‘n naguiltjie bid innig: “O Heer, verlos ons tog!”

Ek sak behaaglik agteroor in my stoel en sê: “Dankie Here......” want alles is hemels. Die koel naglug spoel oor my gemoed, en ek verwonder my aan die miljoene-der-miljoene sterre wat die hemelgewelf bedek. Ek soek ‘n paar bekende bakens in die hemelruim, maar dis moeilik want in hierdie suiwer lug is daar baie meer sterre as wat jy normaalweg kan sien.

“Aaaa, daar is hy!” beduie ek vir Mosbolletjie, “die Suiderkruis!” Geleidelik begin die sterre vir my in plek val. Links van die Suiderkruis is

twee helder sterre, Alfa Centauri en Beta Centauri. Die eerste een is die naaste ster aan ons, buiten nou vir die son, wat natuurlik ook ‘n ster is. Die ster is omtrent 4,4 ligjare van ons af. Ek kyk dus vier jaar terug in die geskiedenis as ek na hom kyk. Sy buurman, Beta Centauri, is 390 ligjare van ons af. Dit beteken dat wat ek nou daar sien het alreeds 390 jaar gelede gebeur, dié tyd toe Jan van Riebeeck sy historiese voet op die Kaapse grond geplant het. (Terloops, Beta Centauri, een van die super reuse is eintlik'n trippel-ster - drie sterre wat om mekaar draai.)

My verstand wil dit nie mooi verwerk nie, want ek kyk tegelyk 4 jaar én 390 jaar in die verlede in!

‘n Leeu brul diep en baie hard vanuit die rivier se rigting en ruk my terug na die hede.

Joël, die profeet raak ook in vervoering met die tyd, maar die groot verskil is dat hy nie in die verlede inkyk nie maar in die toekoms. Eers is dit net ‘n paar honderd jaar wat hy die toekoms in sien en dan spring sy visie na ’n paar duisend jaar verder, die einde van die

tye.

Wonderlike dinge wat Joël daar sien gebeur! Wanneer hy begin skryf, dan vlieg sy gedagtes ‘n volle 500 jaar die toekoms in, na ‘n wonderlike dag, nie baie lank na Jesus se hemelvaart nie. “Ek sal my Gees uitstort op alle mense”, profeteer Joël oor die gebeure van Pinksterdag.

Deur die eeue het baie mense gesmag na die wonderlike teenwoordigheid van God. Slegs enkele mense was ooit in daardie onbeskryflik-bevoorregte posisie om God as’t ware persoonlik te ontmoet. Abraham was een so ‘n bevoorregte mens asook Moses, wat met God kon gesels soos met ‘n Vriend.

Later was die verbondsark die simbool van God se teenwoordigheid. Toe die tempel gebou is, het die mense hier kom aanbid en God se aangesig kom opsoek, want die ark was hier en so ook God se teenwoordigheid.

Die Heilige Gees was natuurlik van altyd af daar en God het dan ook deur Sy Gees sekere uitgesoekte mense bekragtig. Daar

was konings, profete en rigters in wie die Heilige Gees kom werk het en hulle het kragtig opgetree. Hierdie mense het wondere gedoen deur die krag van die Heilige Gees!

Nou kom Joël met ‘n baie omstrede uitspraak - dat daar ‘n dag sal kom dat die Heilige Gees nie alleen in sulke baie bevoorregte mense sal wees nie, maar dat Hy op almal sal kom. Dit maak nie saak of hulle man of vrou of kind is nie en dit maak nie saak hoe oud of jonk hulle is nie en of hulle ryk of arm is nie. En die mees omstrede van alles is, dat dit nie gaan saakmaak of hulle Jode is of nie!

En dan gebeur dit presies nét so op Pinksterdag 500 jaar later. Wanneer dit gebeur, onthou Petrus presies wat Joël daardie tyd geskryf het, en hy verduidelik vir die verdwaasde mense wat die dinge aanskou dat Joël alles haarfyn voorspel het. (Hand. 2:16)

Vandag, 2000 jaar later is die Heilige Gees steeds in elke gelowige en Hy gee ons al die krag en wysheid wat ons nodig het as ons Hom maar net toelaat om dit te doen.

Maar Joël sien tegelykertyd ook in die verre toekoms in, wanneer die “vreeslike dag van die Here” aanbreek. Dit dui natuurlik op die finale oordeelsdag by die wederkoms van Christus. ‘n “Vreeslike” dag sal dit inderdaad wees vir elkeen wat nie God se beloftes aanvaar het nie. Maar vir elkeen wat glo sal dit presies die teenoorgestelde wees - ’n dag van uitkoms vir elkeen wat glo. “Dan sal elkeen wat die Naam van die Here aanroep, ontkom,” skryf Joël in vers 32. In die Nuwe Testamentiese konteks beteken dit dat elkeen wat in Jesus glo as Verlosser hierdie wonderlike redding van God sal smaak. Vir diegene wat egter nie glo nie, sal dit ‘n dag wees van droefheid, angs en verskrikking, omdat Hulle God verwerp het!

Die Here leer Sy volk, dat wanneer Hy ingryp, dan verander Hy alles vir diegene wat in Hom glo. Hy verander die oordeel na verlossing en Hy maak die verdruktes die oorwinnaars! Ja, dit is die God wat ons dien - ons kan al ons vertroue op Hom stel. Kom ons dien en vertrou Hom met ons hele wese!

Gebed:

Here, baie dankie vir die wonderlike beloftes uit U Heilige Woord. Dankie vir U Heilige Gees en dankie vir daardie laaste dag waarna ons met groot vreugde kan uitsien!

# 9

# Die Vreeslike Dag van die Here

# Joël 3:1-17

**VIDEO | OUDIO**

Dag-vir-dag krimp ons harte ineen wanneer ons hoor van die verskriklike dinge wat nasies doen teen die gelowiges. Ekstremiste in die Moslemlande kan die Christengelowiges nie onder hulle oë duld nie. Ons sien dit gebeur in Afrikalande, waar talle Christengelowiges afgemaai word vir hulle geloof en ons sien dit nog erger in sommige Arabiese lande. Nou moet ek vinnig byvoeg dat nie alle Moslems haatdraend is teenoor Christene nie, die meerderheid is verdraagsaam. Daar is egter ekstremiste, so ook onder Christene en hulle kry al die aandag en gee beide gelowe, ‘n slegte naam!

Sulke dinge gebeur darem nie in ons eie land nie...... Werklik?

‘n Jong vrou met die mooi Moslemnaam van Fatima vertel eendag vir my haar verhaal. Sy

het grootgeword in ‘n Moslem gemeenskap in Johannesburg - haar familie was almal Moslems. Toe, op ‘n dag hoor sy die Evangelie van Jesus se verlossing. Sy kom diep onder die indruk dat hierdie die enigste waarheid is en sy gee haar hart aan Jesus. Dit was wonderlik om uiteindelik bevry te kon wees van sonde en die ewige lewe te kon hê!

Maar dit was nie so eenvoudig nie, want met hierdie stap het sy haar Moslemgeloof verloën. Haar familie het haar gedreig om haar “dwaasheid” te laat vaar en daardie “vals” geloof prys te gee, maar sy wou nie - sy **KON** nie! Vir die eerste keer in haar lewe het sy iets ervaar wat waarlik kosbaar was.

Haar familie kon hierdie “walglike” ding wat sy gedoen het, nie verduur nie en sy is uit die huis gesmyt en aan haar eie lot oorgelaat. Maar steeds het hulle haar nie haar gang laat gaan nie. Talle dreigemente is vir Fatima gegee, nie alleen deur haar familie, wie se naam sy in die skande gebring het nie, maar ook deur al haar vriende en die hele Moslemgemeenskap. Toe sy steeds nie wou

bes gee nie, is sy voëlvry verklaar. Enigeen kon haar summier vermoor!

Sy vlug uit Johannesburg na Durban waar sy uiteindelik by ‘n sendingstasie beland waar sy haar geloof en roeping kon uitleef. Maar steeds ontvang sy talle doodsdreigemente en haar lewe was nooit veilig nie. En dít in ‘n “Christen” land!

Dikwels hoor ons die vraag: “Maar sien die Here dan nie die onreg raak nie?” Soms wil dit vir ons lyk asof dit goed gaan met hierdie mense wat die gelowiges so onderdruk en vervolg. Steur die Here Hom ooit aan hulle gruweldade?

Joël antwoord hierdie kwelvrae in 3:1-17, wanneer hy praat oor die “vreeslike dag van die Here”, die wederkoms van Jesus. Op daardie dag sal al hierdie nasies geoordeel word. Hy sal al die nasies bymekaarmaak in die Josafatlaagte. Hierdie naam het groot betekenis - Josafat beteken “Die Here oordeel”, dus is die Josafatslaagte “die plek waar die Here oordeel”.

Dit gaan die vorm aanneem van ‘n hofsaak, waar die beskuldigings ingebring word teen alle ongelowiges. Die misdade van hierdie nasies was teen God se volk en dit was dus eintlik teen God self. Dit was in werklikheid ‘n skending van God se eiendom want Israel behoort aan die Here. Maar dit gaan baie verder as net Israel want elkeen wat ‘n gelowige is behoort aan die Here, dus gaan elke nasie wat Christengelowiges vervolg onder God se oordeel kom.

Die beskuldigings wat teen die nasies ingebring word is, volgens Joël, dat hulle Israel verstrooi het. Boonop het hulle die land gevat. Die land behoort nie aan Israel nie maar aan God, dus beroof hulle God! God se volk is so minderwaardig geag dat hulle bloot slawe gemaak is. Hulle het God dus probeer verneder!

Uiteindelik sê die Here half spottenderwys vir hierdie magtige nasies om hulleself gereed te maak en teen Hom te kom oorlog maak. Al die “dapper” manne moet optrek teen Hom. Hulle kan maar met ál hulle wapens kom en

hulle beter maar hulle ploegskare vat en swaarde daarvan maak sodat daar genoeg wapens sal wees en van hulle snoeimesse moet hulle steekspiese maak, want hulle gaan dit alles nodig kry!

Wie kan staande bly teen die Here, die Almagtige? Dink hierdie magtige nasies werklik dat hulle die Here kan oorwin? Niemand van hulle neem die Here ernstig op nie en niemand hou rekening met die "vreeslike dag van die Here" nie, wanneer God hulle almal gaan verdelg en in die verdoemenis werp.

En die gelowiges? "Die Here is 'n toevlugsoord vir Sy volk, 'n skuilplek vir Israel." (Joël 3:16). Vandag weet ons dat hierdie voorspelling vir die Israeliete net so van toepassing is op my en jou, die gelowige kinders van God, want ons is Sy Israel! "Dan sal julle weet dat Ek, die Here, julle God is!" sê die Here. (v. 17)

Ek en jy kan vandag rustig wees oor al hierdie onheilige dinge wat in die wêreld aangaan. Die Here is ten volle bewus

daarvan en Hy sal ingryp op presies die regte tyd. Niks van al die ongeregtigheid sal ooit ongestraf verbygaan nie.

Maar die grootste nuus van alles is, dat ek en jy veilig is in die Here en dat die bose magte ons nie kan beroof van die wonderlike gawe van die ewige lewe nie! God het ons dit immers so belowe!

Gebed:

Dankie Here, dat U ook vir my die ewige lewe gegee het uit U groot genade!

# 10

# Fontein van Lewende Water

# Joël 3:18-21

**VIDEO | OUDIO**

Ek is opgewonde as ek vroeg-oggend, so pas na hanekraai my stapskoene aantrek. My hande bewe effens van pure opwinding. As ek deur die veld begin stap van die riviertjie af, is die geil gras sopnat van die dou. Ek trek my longe diep vol van die heerlike vars lug.

Veertig jaar het verbygegaan vandat ek laas hier was, op die plaas waar ek grootgeword het naby Waterval Boven. Ek wil nou die plaas gaan verken - gaan kyk na al die plekke wat ek uit my kindertyd onthou - die ou klipkraal, die klipkoppie met al sy heerlike veldvrugte. En dan natuurlik dáárdie fontein met sy heerlike, soet water!

Baie gou kry ek die kraal waar ons elke aand die beeste toegemaak het. Oupa het nog self die kraal gebou - klippe uit die veld as boustene gebruik, sonder ‘n krieseltjie

sement! Soos wat hulle daardie jare netjies gepak was, so staan die ou kraal steeds - waarlik ‘n meesterstuk!

Ek pak die klipkoppie aan en baie gou begin my asem jaag, want ek is nie meer so fiks nie. Hier het ek as kind uitgehardloop sonder om ooit moeg te word. Ek kry trane in my oë as ek weer kyk na die pragtige klippe wat kunstig die koppie versier - sandsteen rotse wat asemrowend mooi deur die wind en weer gebeeldhou is in alle denkbare vorms. En die stamvrugbome is ook steeds daar. O, hoe het ek my trommeldik geëet aan daardie heerlike vrugte!

As ek bo kom, gaan sit ek op ‘n plat klip en drink die landskap onder my in. Daar staan ons ou plaashuis steeds en oorkant die riviertjie die bekende Elandskrans. Net ‘n entjie onderkant my borrel die fontein onder ‘n reuse rots uit, maar nou is dit ruig toegegroei deur bome en digte struike......

My gedagtes dwaal baie ver terug - veertig, vyftig jaar. Ek is weer die lewenslustige seuntjie wat in die berge rondklouter. Ek lê

weer plat op my maag waar die fontein uitborrel en slurp die heerlike water op. Dis yskoud, heerlik soet en verfrissend. Dit kabbel teen die koppie af in ‘n stroompie wat weelderig groen omsoom is met waterplante.

Laer af voed die stroompie ‘n hele rits damme wat lewe met geelvis en kurpers en forel. En dan is daar die vrugteboorde met die heerlikste sappige vrugte om van te kies en keur. En ryk groentetuine, propvol pure-plaas-heilsaamheid. Die borrelende fontein gee lewe aan alles op die plaas voordat dit in die riviertjie inloop. Op sy beurt loop dit uiteindelik in die groot Krokodilrivier in wat lewe gee aan derduisende mense en diere, selfs in die Kruger Wildtuin.

Die laaste verse van Joël is eintlik die hoogtepunt van die boek. Die teenwoordigheid van die Here in Sion, lei tot allerhande veranderings. Waar die land eers swaar gebuk gegaan het onder die reeks sprinkaanplae en die knellende droogte, bars dié natuurlik letterlik uit sy nate. Die land lewer ‘n oorvloed met groot vrugbaarheid.

Waar daar net droë, dor slote was, sal daar nou heilsame water stroom.

Dan gebruik Joël die beeld van ‘n fontein wat uit die huis van die Here borrel en die Sittimdal natlei. Ons kry dieselfde beeld van die rivier wat in Eden ontspring en die tuin natmaak (Gen. 2:10). Eden word dan die simbool van vrugbaarheid en voorspoed omdat dit God se tuin is en daar volle harmonie is tussen God, mens en natuur. Dieselfde beeld word ook in Esegiël 47 gebruik, waar water uit die tempel stroom. Dit veroorsaak lowergroen bome langs die stroom en loop uiteindelik in die Dooie See in, teen so ‘n asemrowende tempo dat die bitter-sout water van die Dooie See vars word. Sagaria 14 gebruik dieselfde beeld en in Openbaring 22 word die beeld weereens herhaal, waar die kristalhelder stroom water uit die troon van God stroom.

Wat beteken dit alles? Die kern van die gedeelte lê opgesluit in vers 21: “Ek sal My volk se sonde vergewe”. (1983 vertaling) Wat ‘n pragtige beeld, dat die kristalhelder, skoon,

vars, lewegewende water God se volk silwerskoon gewas het van hulle sonde!

En nee, dit het beslis nie net betrekking op Israel nie - dit is ook vir my en jou, die gelowiges, die kinders (volk) van God. Vandag kan ons as gelowiges dit maar net in dankbaarheid uitjubel dat God al ons sondes vergewe het en dat ons as skoongewaste, gereinigde kinders voor Hom kan staan.

Is dit nie genoeg rede nie om ons te motiveer om ons ganse lewe in Sy hande oor te gee en ‘n jubelende lewe van dankbaarheid te lewe soos wat dit Hom gelukkig sal maak?

Liewe leser, ek wil vir jou diep uit my hart dankie sê dat jy die boek Joël saam met my deurgewerk het. Dit was nie ‘n maklike boek nie, maar uiteindelik was dit deur en deur die moeite werd. Die vertroosting uit die boek het weereens my hart warm gemaak vir die Here!

Gebed:

Here, dankie vir hierdie pragtige boek. Dit het my aan die hart gegryp en weer diep laat

dink oor my eie lewe. U het soms hard met my gepraat uit die boek. Dankie dat ek weereens aan U wonderlike beloftes kan vasgryp!

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.

Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE